

16 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 9:1-22
Fokusgedeelte: DL, VD 2:2

Jesus is die Borg en Middelaar van die verbond

God het 'n verbond met ons gesluit waarmee Hy belowe het om vir ons 'n God te wees en waarmee Hy ook eis dat ons vir Hom 'n volk sal wees. Omdat ons nie hierdie ooreenkoms kon nakom nie het Hy sy Seun gestuur om dit in ons plek na te kom. In die eerste verbond moes daar met diereoffers betaal word vir die oortreding van die verbond, maar by die nuwe verbond is daar net een offer: dié van Jesus Christus aan die kruis. In die eerste verbond het die hoëpriester een maal per jaar die allerheiligste binnegegaan om vir die volk versoening te doen, maar by die nuwe verbond het Jesus Homself eens en vir altyd geoffer. Die eerste verbond was dus een van werke, maar die nuwe is een van genade. Jesus is dus die Borg van die nuwe verbond, die Een wat die geldigheid van die verbond waarborg en verseker. Hy is ook die Middelaar van die verbond, die Een wat die verbond nakom, vervul en geldig maak.

Daarom het die Sinode die dwaalleer verwerp van hulle wat leer dat die doel van Jesus se sterwe nie was om die nuwe genadeverbond met sy bloed te bevestig nie, maar dat Hy net vir die Vader die reg verwerf het om opnuut 'n verbond met die mensdom te sluit. Die Sinode het opnuut bevestig en bely dat Christus die Borg en Middelaar geword het van 'n beter, dit wil sê, 'n nuwe verbond.

Die troos vir my is dat ek nie meer op my werke hoef te vertrou om gered te word nie, maar dat ek 'n Verlosser, 'n Borg en 'n Middelaar het, Jesus Christus, wat hierdie ooreenkoms met God namens my en in my plek nagekom het! My verlossing is dus deur Jesus bewerk en verseker!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~